

# DIE REG OM NEE TE Sê! VELDTOG



Die Reg om Nee te Sê-veldtog is 'n netwerk van gemeenskappe en populêre formasies wat veg ter verdediging van hul gronde. Dit is 'n veldtog wat regoor die land aktief is waar gemeenskappe en populêre formasies hulself organiseer om die aanslag van ekstraktiwisme te weerstaan – dit is die ontginning en onteining van natuurlike hulpbronne op 'n massiewe skaal vir een doel – wins.

Die Reg om Nee te Sê-veldtog mobiliseer teen die sistematiese onteining van ons meentgronde, die gryp van ons natuurlike hulpbronne en die super-uitbuiting deur transnasionale korporasies in hul dors na wins.

---

## GEMEENSKAPPE SÊ:

- NEE vir mynbou en ekstraktiwisme!
  - NEE vir grond en watergryp!
  - NEE vir bo-na-onder ontwikkeling!
  - NEE vir seismiese toetsing!
  - NEE vir die Bantoestanswet!
  - NEE vir uitbuiting en onteining!
  - NEE vir korporatiewe vaslegging!
-

# WAT IS DIE REG OM NEE TE SÊ?

1. Die reg en mag om nee te sê kom uit die stryd van gemeenskappe op die grond. Dit word gebore wanneer 'n gemeenskap opstaan en sê dat **ons die finale sê het oor ons meentgrond en die gebruik daarvan**. Dit word lewendig wanneer ons verantwoordelikheid vir ons toekoms neem.
2. Die Reg om Nee te Sê is 'n eis deur gemeenskappe vir **demokratiese, gemeenskapsgedrewe ontwikkeling** - respek vir ons mensereg op 'n ordentlike lewe; vir gesondheid en welstand, om voort te gaan om voedsel op ons voorwaardes te produseer, om in harmonie met die natuur te leef ter verdediging van ons lewenswyse en die omgewing, vir 'n self-gedefinieerde en self-bepaalde ontwikkelingspad en herverdeling van mag en hulpbronne so dat ons ontwikkeling kan vorm sonder eksterne inmenging.
3. Die Reg om Nee te Sê staan vir **direkte vorme van demokrasie, demokratiese besluitneming en die herverdeling van mag**. Dit is belangrik vir arm, gemarginaliseerde en werkersklas gemeenskappe om direkte demokrasie te beoefen om hul eie besluite te neem – mag moet by gemeenskappe wat die meeste en direk geraak word, lê. Toestemmingsregte (die reg om nee te sê) vir gemeenskappe - verteenwoordig 'n groot verskuiwing in die ondermyning van die massiewe, globale korporasies wat op onregverdige wyse bekom is en die terugrol van die koers van onteining van grond, natuurlike hulpbronne en lewensbestaan.

## MAAR WAT BEDOEL ONS EINTLIK AS ONS SÊ DAT GEMEENSKAPPE DIE REG HET OM NEE TE SÊ?

- Die Reg om Nee te Sê is gegrond op **kollektiewe weerstand**, meestal **gelei deur vroue**, en dit gaan dus baie sentraal oor mag en juis om die dominante mag van regerings, die politieke elite en transnasionale korporasies direk uit te daag. Om nee te sê is diep polities aangesien dit magstelsels uitdaag en die reg van gemeenskappe laat geld om hul **eie belange te definieer en hul eie toekoms te bepaal**.
- Die Reg om Nee te Sê daag uit die kapitalistiese dryfkrag om wins te maak ten koste van mense en die omgewing. Dit is ter **VERDEDIGING** van die gemeenskappe, grond en lewensbestaan. Die dryfkrag van korporasies en die regering wil van alles (grond, water, noodsaaklike dienste, selfs die lewe self) iets maak wat vir wins gekoop en verkoop kan word. Die Reg om Nee te Sê is 'n belangrike stap in die rigting van die **omkeer van die konsentrasie van rykdom en mag** in die hande van 'n paar persone en entiteite
- Die Reg om Nee te Sê versterk die **JA** – As 'n gemeenskap nee kan sê, beteken dit dat dit ook ja kan sê vir die beskerming van gemeenskappe, die verdediging van 'n lewenswyse wat inheems, tradisioneel en nader aan die natuur is waaruit **mens en natuur nie van mekaar af geskei kan word nie**. 'n Gemeenskap se JA omhels ook 'n visie van wat hulle vir hul gemeenskappe wil hê en meer breedweg die soort wêreld waarin hulle wil leef en die toekoms wat hulle saam wil bou.

# WIE KAN NEE SÊ?

## GEMEENSKAPPE:

Die Reg om Nee te Sê het relevansie met 'n wye reeks huidige stryde en sosiale bewegings. Dit is 'n veldtog wat wêreld wyd die stryd teen ekstraktiwisme en transnasionale korporasies kan verenig. Dit bring mense wat in desperaatheid leef en mense wie se regte en lewensbestaan bedreig word bymekaar, deur te help om bewegings te bou en alternatiewe en oplossings te versterk. Dit bevestig en versterk keuse en die reg van mense om hul manier van lewe en produksie te beskerm. Dit is 'n eis deur mense en gelei deur mense om selfbeskikking te verseker en ekstraktiwisme te weerstaan.

Die Reg om Nee te Sê is van toepassing op enige gemeenskap, insluitend self-gedefinieerde gemeenskappe, wat deur ekstraktiwisme geraak word, en is nie 'n individuele reg nie

## BREEDWEG:

Is dit 'n eis van beide landelike en stedelike gemeenskappe, van vroue en mans, van werkers en werkloos, van jonk en oud. Dit kan opgeneem word deur vakbonde, boereorganisasies, sosiale bewegings en ondersteuningsorganisasies soos NGO's en publiekregtelike liggame.

Die Reg om Nee te Sê is van toepassing op nasionale, streeks- en internasionale vlak en is nie net van toepassing op inheemse mense nie.



# DIE REG OM NEE TE SÊ : 'N VERDEDIGINGSTRATEGIE TEEN KORPORATIEWE STRAFFELOOSHEID

Die reg om nee te sê – is 'n verdedigingstrategie:

- Teen korporatiewe straffeloosheid;
- Teen korporatiewe slawearbeid;
- Teen vroue wat die koste van sorg en welstand moet dra; en
- Teen gemeenskappe te laat betaal vir hul besoedeling van die lug, water en die grond.

Ons veg sodat die Reg om Nee te Sê in die wet erken moet word. Ons veg vir wette en regulasies wat 'n einde sal bring tot die skendings en misbruik van korporasies. Ons eis 'n Bindende Verdrag op die vlak van die Verenigde Nasies (United Nations) wat korporatiewe misbruik voorkom, wat die reg om nee te sê erken en respekteer en wat gebaseer is op die beginsels van vrywillige, vooraf en voortdurende, volledige ingeligte toestemming (VVVT).

**Gemeenskappe staan vas en staan saam!  
NEE vir korporatiewe vaslegging!  
JA vir die Reg om Nee te Sê!**

